**Skriflesing:** Lukas 13:1-9
**Tema:** ‘n Keuse vir lewe of dood.

(Hierdie Skrifgedeelte val binne Jesus se reisverhale wat van Lukas 9 tot Lukas 19 strek.
In Lukas 9:51 lees ons: “Toe die tyd nader kom dat Jesus in die hemel opgeneem sou word, het Hy vasbeslote die reis na Jerusalem begin.” Reisverhale is die verhale wat Jesus vertel oppad Jerusalem toe waar Hy aan ‘n kruis sal sterf.)

Galileërs, wat besig was om diere te slag om aan die Here te offer, word deur Pilatus doodgemaak. Jesus vertel self van agtien mense wat sterf toe die Siloamtoring op hulle val. Daar word baie bespiegel oor hierdie gebeure, maar die feit bly staan dat Pilatus gelowiges doodgemaak het.
Die Romeine het die waterleiding van die Gihonfontein oor ‘n afstand van 45 km na Jerusalem herstel. Dit is waarskynlik hier waar die Siloamtoring ineengestort het.
Nou vra mense vir Jesus of hierdie mense wat gesterf het groter sondaars as ander was.

Die fout wat hierdie vraagstellers maak, is om sonde aan God se straf te koppel en dit mag nie. God werk nie so nie.
Voorspoed beteken nie noodwendig dat mense God se guns geniet nie.
En teëspoed beteken nie noodwendig dat mense groot sonde gedoen het nie. Die Galileërs sterf immers terwyl hulle offers aan God bring.
Ons kan lank hieroor gesels, maak ek volstaan met twee gedeeltes waaruit dit duidelik blyk dat die Here reeds die straf op ons sonde gedra het.
Ons lees in Jesaja 53:4-6: “Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.”

En in 1 Johannes 1:9 sien ons hoe ons van sonde ontslae raak: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”

Jesus antwoord baie duidelik in Lukas 13:3 en 5 dat die mense wat gesterf het se sonde nie groter was as ander mens s’n nie. Maar Hy sê ook dat daar belangriker dinge is waarmee ons onsself moet besig hou.

Waar die mense wat vir Jesus die vraag vra mense indeel volgens dié vir wie die ongeluk tref en dus deur God gestraf word, en dié wat gemaklik lewe en dus sonder sonde is en daarom die guns van God geniet, kom Jesus met 'n ander indeling.
Vir Hom is daar net twee soorte mense: mense wat reageer op sy genade en sy liefde en mense wat nie daarop reageer nie, mense wie se lewens "vrug dra" en mense wie se lewens "nie vrug dra nie" en mense wat vir ewig sal leef en mense wat vir ewig sal sterf.

Die dood van die Galileers en die agtien by die toring van Siloammoet vir die vraestellers en vir elkeen van ons ‘n aansporing wees om te fokus op ons eie lewens en ons te bekeer.

Die ewige oordeel van God sal almal tref as ons ons nie bekeer nie. En Hy wil nie dat ons sterf nie.

Ons sing Sy wil vir ons in Sy woorde in Lied 480:3

Dis nie jou dood wat Ek begeer,
maar dat jy jou tot My bekeer.
Laat al jou slegte dade staan
waarom wil jy verlore gaan?
Net Ek, die Heer, kan skuld vergeef.
Keer jou tot My en jy sal leef!

En in Lukas 13: 3 en 5 hoor ons Sy selfde oproep:
“[3]Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom!”
“[5]Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom.”

Bekeer, na aanleiding van gelykenis van die verlore seun in Lukas 15, is ‘n inkeer, ‘n afkeur van sonde, ‘n omkeur (U draai) en ‘n terugkeer na God.
Die Heidelbergse Kategismus, Vraag 88 vra: “Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?” Ons lees die antwoord in onder andere Efesiërs 4:22-24.
Ware bekering bestaan uit 2 dele:
Die eerste deel is die afsterf van die ou mens. Dit is ‘n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit hoe langer hoe meer ontvlug.
Die tweede deel van bekering is die opstaan van die nuwe mens. Dit is ‘n hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te leef

Het jy jou al bekeer?
Ons onderskei tussen ‘n eenmalige bekering en ‘n daaglikse bekering.
‘n Eenmalige bekering is die eerste keer toe jy jou lewe in gebed aan die Here oorgegee het. Ons lees in Johannes 1:12 die wonderlike belofte wat hiermee saamgaan: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”
Jy is nou ‘n kind van God wat jou ook daagliks bekeer. Hoe langer hoe meer, gee ons onsself oor aan die Here sodat die Heilige Gees ons meer soos Christus maak.
Vanuit hierdie geloofsoorgawe aan die Here, dra ons lewens vrug.

Daarom vertel Jesus die gelykenis van die onvrugbare vyeboom. Die gelykenis beklemtoon God se genade en geduld met ons as mense. Hy is ‘n God van tweede kanse. Maar daar is ook perke aan sy kanse. Dit is ‘n feit dat Sy tweede kanse nie onbepaald gaan voortduur nie.

Gelowiges reageer met dankbaarheid op God se genade en liefde. Dit word sigbaar in ‘n lewe gevul met verwondering en vrug. Die afwesigheid van vrug in die oorweldigende aanwesigheid van God se genade en liefdevolle versorging is onbegryplik en onaanvaarbaar.

Nadat die vyeboom vir 3 jaar sonder vrugte in die vrugbare grond staan, kom die opdrag van die eienaar: “Kap dit uit”

Die vyeboom verwys hier in die eerste plek na die Joodse volk. God het die volk vir ‘n volle tydperk op ‘n besondere wyse versorg, maar hulle het steeds nie Sy wil gedoen nie, hulle nie bekeer nie en nie in Jesus Christus geglo nie.
Die tuinier pleit vir nog ‘n jaar se versorging. As die boom dan steeds nie vrugte dra nie, kan dit uitgekap word. Of die versoek toegestaan word, weet ons nie. Wat ons wel weet is die tragedie dat die Jode nie hierdie “seisoen van genade” herken of benut het nie.

Elkeen van ons het steeds ‘n keuse vir lewe of dood. Indien ons ons nie bekeer nie, gaan die straf van God ons tref.

Ons kan nie saam met Christus op sy lydensweg stap en by Hom staan waar Hy in ons plek aan kruis hang en sterf en ons lewens dra nie dankbaarheidsvrug nie.
Ons kan ons nie verwonder aan Sy opstanding en genade en ons laat nie die Heilige Gees toe omdie vrug van liefde vir God en liefde vir ons naaste in ons te werk nie.

Vir Jesus is daar net twee soorte mense:

- mense wat reageer op sy genade en sy liefde en mense wat nie daarop reageer nie,
- mense wat "vrug dra", & mense wat "nie vrug dra nie",
- en uiteindelik mense wat vir ewig lewe en mense wat vir ewig sterwe.

Watter soort mens kies jy om te wees?
Amen

'n Vriend van my het dikwels die gewoonte gehad om, wanneer enigiets kleins skeef loop- soos wanneer ek my toon stamp of hy 'n glas laat val - op sy kenmerkende droë manier op te merk: "Ja-nee, party mense word dadelik gestraf. Hy het daarmee eintlik 'n grap gemaak oor die idee van sommige mense dat enigiets goeds of slegs wat met jou gebeur, die direkte gevolg is van jou goeie of slegte dade.

Vir dié mense sê Jesus: Julle nood is groot en Ek sal julle versorg en liefhê en oorweldig met my genade totdat julle dit besef. En as julle dit nie besef nie en nie omdraai na My toe nie, sal Ek, die almagtige God, magteloos moet toekyk hoe julle verlore gaan. En dit sal die een ding wees wat Ek, die Alwetende, nie sal begryp nie. Want dis tog vanselfsprekend dat groot genade en groot liefde enige harde hart sal versag en sal vul met daardie liefde en genade.

Die storie word vertel van 'n tienerdogter wat al hoe meer rebels geraak het ná die egskeiding van haar ouers. Sy het by haar ma gebly en een aand laat bel die polisie om te laat weet dat die ma die dogter by die polisiekantoor moet kom oplaai. Sy is gearresteer terwyl sy onder die invloed van drank bestuur het. Ma en dogter het nie 'n woord gepraat terwyl hulle teruggery het nie, ook nie by die huis nie, tot die volgende middag. Die ma het die ys gebreek deur aan haar dogter 'n klein toegedraaide boksie te gee. Die dogter het dit ongeërg oopgeskeur en binne-in die boksie 'n klip gekry. Sy het haar oë verontwaardig dakwaarts gerol en sarkasties gesê: "O, dis nou pragtig, wat moet ek hiermee doen?" "Lees die kaartjie," het haar ma geantwoord. Die dogter het die koevert oopgemaak en die kaartjie gelees. Die trane het gevloei en haar ma het haar vasgedruk. Op die kaartjie het gestaan: "Hierdie stukkie klip is meer as 200 miljoen jaar oud. Dit is hoe lank dit sal neem voor ek moed sal opgee met jou."

Jesus praat hier in Lukas 13 oor twee rampe wat plaasgevind het in daardie tyd ons weet nie vandag meer veel daarvan nie. Maar al wat dit vir my sê, rampe het nog altyd plaasgevind en mense is daardeur geraak. Gelowiges word nie van sulke Tampe gespaar nie.
Dink maar weer aan 9/11 waar oor die 3000 mense dood is. Onder die 3000 mense was daar ook Jesusvolgelinge en hulle families is daardeur geraak. Die Covid-19 pandemie was dieselfde, Christene is ook dood.
Iemand het vir C. S. Lewis gevra: "Waarom moet die gelowige ly?" "Waarom nie?" het hy geantwoord "Hulle is die enige mense wat dit kan hanteer."

The Fellowship Center Church in Fort Lauderdale het 'n tyd gelede ervaar wat dit beteken om nooit op te gee nie. Onder die leiding van 'n ouderling met die naam van Dennis Grant, het die kerk 'n plaaslike 12-jarige met die naam van Percy Campbell onder hulle vlerk geneem.

Min in die gemeenskap het hom by sy naam geken, want teen die ouderdom van 12 is Percy al 57 gearresteer. Sy bynaam was "Crime Boy."

Stadig maar seker soos die ouderlinge en jeug met hom gewerk het, het alles verander en hulle het Percy tot verandering gebring. Nou was sy bynaam eerder "Church Boy."

Die hele gemeente het dit saam gevier toe Percy vir een jaar lank geen misdaad gepleeg het nie. Toe begin alles weer skeefloop en Percy word weer gevang: hierdie keer het hy 'n fiets gesteel. Nou het Percy 'n nuwe bynaam "Backslide Boy."

Moet die Fellowship Center Church moed verloor oor Percy?

Moet ons mense wat terugval net so los sonder om aan hulle harte, siele vas te hou?

Is ons bereid om mense deur die krake van die lewe te laat glip omdat ouers, onderwysers, vriende, kerke net moed verloor het?

Moenie moed opgee nie! Almal kan bemes en die gevolge is wie weet - dis in elk geval in God se hand - bemesting is ons werk terwyl ons hier leef.